47/91

Saak nommer 214/90 en 363/90

E du P

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

**(APPèLAFDELING)**

In die saak tussen:

| | |
|---|---|
| **JEREMIAH NDINISA** | Eerste Appellant |
| **GEORGE MOTUBATSE** | Tweede Appellant |
| **LEONARD KHUMALO** | Derde Appellant |
| **JOHNSON MATSILIKITI** | Vierde Appellant |
| **JOHN MTSALE** | Vyfde Appellant |

**en**

| | |
|---|---|
| **DIE STAAT** | Respondent |

**Coram:** CORBETT HR, VIVIER *et* F H GROSSKOPF ARR.

| | |
|---|---|
| **Verhoordatum:** | **Leweringsdatum:** |
| 1 Maart 1991. | 14 Mei 1991 |

---

**U I T S P R A A K**

**F H GROSSKOPF AR:**

Die vyf appellante was respektiewelik beskuldigdes 2, 3, 4, 5 en 1 in die hof *a quo*. Vir doeleindes van gerief, en ten einde verwarring te voorkom, sal ek gewoonlik na die appellante volgens hulle beskrywing in die hof *a quo* verwys. Waar dit nodig mag wees, sal die betrokke appellant se naam duidelikheidshalwe bygevoeg word.

Die vyf beskuldigdes het in die hof *a quo* tereggestaan op ŉ aanklag van moord en ŉ aanklag van roof met verswarende omstandighede. Met die uitsondering van beskuldigde 1, wat op die aanklag van roof skuldig gepleit het, het die beskuldigdes verder onskuldig gepleit op hierdie aanklagte. Al vyf die beskuldigdes is aan beide die moord en die roof skuldig bevind. Die hof *a quo* het bevind dat daar geen versagtende omstandighede by die pleging van die moord aanwesig was nie en het gevolglik al vyf die beskuldigdes die doodvonnis vir die moord opgelê. Beskuldigdes 1 en 3 is ook

vir die roof die doodvonnis opgelê, terwyl beskuldigdes 2, 4 en 5 respektiewelik tot 12 jaar, 12 jaar en 15 jaar gevangenisstraf vir die roof gevonnis is. Beskuldigdes 1 en 3 is ook skuldig bevind aan die onwettige besit van vuurwapens en ammunisie, maar vir doeleindes van hierdie appèl is dit nie verder ter sake nie.

Die beskuldigdes appelleer met verlof van hierdie hof teen sekere van die skuldigbevindings en vonnisse. Daar is aan al vyf die beskuldigdes verlof verleen om te appelleer teen hulle skuldigbevindings op die moordklag, teen die bevinding dat daar geen versagtende omstandighede aanwesig was nie, en teen die doodvonnis wat elkeen van hulle op die moordklag opgelê is. Beskuldigdes 2 en 4 het verlof gekry om teen hulle skuldigbevindings op die roofklag te appelleer, en beskuldigdes 1, 2, 3 en 4 het verlof gekry om teen hulle vonnisse op die roofklag te appelleer.

Omstreeks 08:00 op 24 September 1986 is daar 'n bedrag van R43 772 (saamgestel uit R27 101 in kontant en

R16 671 by wyse van tjeks) by ŉ besigheid bekend as Highveld Bottling Company ("Highveld Bottling") net buite Witbank geroof. Gedurende die roof is daar skote met ŉ vuurwapen afgevuur en is die bestuurder van Highveld Bottling, mnr Burrows ("die oorledene"), noodlottig getref. Die oorledene was ten tyde van sy dood 69 jaar oud. Hierdie feite is nie in geskil nie, maar beskuldigde 2 en beskuldigde 4 het ontken dat hulle hoegenaamd by hierdie gebeure betrokke was. Beskuldigdes 1, 3 en 5 het egter in die loop van hulle getuienis erken dat hulle aan die roof deelgeneem het, en beskuldigdes 1 en 3 het verder erken dat hulle betrokke was by ŉ aanval op die oorledene.

Dit was die gebruik by Highveld Bottling om elke oggend die bedrae geld wat die vorige dag deur Highveld Bottling se vragmotorbestuurders by kliënte ingevorder en by die kantoor inbetaal was, te kontroleer en te bank. Die geld was oornag in ŉ kluis binne in ŉ brandkamer in die kantoorgebou op die perseel gebêre en die volgende môre onder

toesig van die oorledene en ander werknemers van Highveld Bottling nagegaan en in ŉ leersak geplaas. Die leersak met geld is dan deur ŉ sekuriteitsmaatskappy by Highveld Bottling gehaal en na die bank vervoer.

Ongeveer 08:00 die oggend van 24 September 1986 het die oorledene en ŉ dameskIerk, mev Doubell, en ŉ sekuriteitsbeampte in diens van Highveld Bottling, mnr Nkadimeng, die vorige dag se inbetalings op die gebruiklike wyse nagegaan en die geld in die leersak gepak. Daarna het hulle die brandkamer verlaat en deur die aangrensende kantoor na die buitedeur beweeg. Die oorledene het ŉ 9mm pistool aan sy lyfband gedra, maar mnr Nkadimeng en mev Doubell was ongewapen gewees. Die oorledene het voor geloop, gevolg deur Nkadimeng met die leersak met geld. Mev Doubell het agter geloop. Toe die oorledene die deur wat na buite lei oopmaak, is hulle gekonfronteer deur twee vreemde mans wie se gesigte gedeeltelik deur balaklawa musse bedek was. Al wat Nkadimeng gehoor het, was dat hulle "money" gesê het.

Een van daardie mans het die oorledene gegryp terwyl die ander een ŉ vuurwapen op Nkadimeng gerig het en die leersak by hom afgeneem het. Nkadimeng en Doubell het in die kantoor teruggespring en die deur toegemaak, maar die oorledene is saam met die twee aanvallers na buite. Daar was ŉ lawaai buite en skote van ŉ vuurwapen het geklap. Nkadimeng het iemand buitekant hoor sê, "catch him, catch him". Nkadimeng is kort daarna na buite. Hy het die oorledene voor die kantoordeur op die stoep sien lê. Hy het verder gesien dat twee persone, een met die leersak, die perseel deur die veiligheidshek verlaat. Die voorgaande getuienis is nie in enige wesenlike opsig tydens kruisondervraging deur die beskuldigdes betwis nie.

Mev Vorster was toevallig daardie oggend op die perseel nadat sy ŉ pakkie daar afgelewer het. Terwyl sy nog binne die perseel in haar motor was, en voordat sy deur die veiligheidshek kon beweeg, het sy sekere gebeure by die veiligheidshek en voor die kantoordeur sien afspeel.

Volgens mev Vorster het sy gesien dat drie mans die perseel deur die veiligheidshek binnekom. Een van hulle het 'n veiligheidswag by die hek met 'n vuurwapen aangehou, terwyl die ander twee die perseel verder binnegeloop het. Mev Vorster het ook getuig van 'n vierde man wat by die veiligheidshek was. Dit is moontlik dat dit die ander sekuriteitsbeampte was wat saam met die hekwag, mnr Mdluli, by die hek diens gedoen het. Sy het verder gesien dat die twee mans wat verby die veiligheidshek in die perseel inbeweeg het, 'n blanke man voor die kantoordeur gegryp het. Dit blyk dat dit die oorledene was. Volgens haar waarnemings het die oorledene en sy twee aanvallers om die besit van 'n sak gestoei. Mev Vorster het toe gesien hoe een van die twee aanvallers die oorledene meer as eenmaal met 'n mes steek terwyl die oorledene nog in 'n staande posisie was. Kort daarna het mev Vorster sekere skote gehoor, maar as gevolg van skok, en omdat sy met haar motor verder agteruit beweeg het, het sy nie waargeneem wat daarna gebeur het nie.

Mev Vorster se getuienis is in alle wesenlike opsigte deur die getuie, Mdluli, bevestig. Volgens mnr Mdluli het hy daardie oggend omstreeks 08:00 as sekuriteitswag by die veiligheidshek diens gedoen. Hy het getuig dat daar drie ongemagtigde persone deur die veiligheidshek beweeg het en dat een van hulle vir hom en sy kollega by die hek met ŉ vuurwapen aangehou het. Die ander twee het die perseel binnegegaan. Nadat Mdluli sekere klapgeluide gehoor het, het hy gesien dat die drie ongemagtigde persone na ŉ rooi motor met ŉ swart dak buite die perseel hardloop. Die rooi motor het nader gery, die drie het ingespring en die voertuig het weggery.

Die weergawes van mev Vorster en mnr Mdluli is in breë trekke deur beskuldigdes 1, 3 en 5 bevestig, altans vir sover dit die besondere optrede van elkeen van hulle betref. Dit blyk uit die getuienis van beskuldigdes 1 en 3 dat hulle inderdaad die twee mans was wat die perseel van Highveld Bottling daardie oggend betree het nadat hulle sonder

magtiging deur die veiligheidshek beweeg het. Volgens hulle eie getuienis was hulle die twee mans wat die oorledene by die kantoordeur gekonfronteer het. Beskuldigde 1 erken trouens dat dit hy was wat die oorledene met 'n mes gesteek het, maar hy ontken mev Vorster se getuienis dat die oorledene toe nog in 'n staande posisie was, of dat hy hom meer as een maal gesteek het. Beskuldigde 1 ontken ook dat die oorledene en hulle twee om die besit van die geldsak gestoei het net voordat hy die oorledene met die mes gesteek het. Beskuldigde 3 erken op sy beurt dat daar pistoolskote afgevuur is, maar volgens sy weergawe het die oorledene die vuurwapen vasgehou en het die oorledene self die sneller getrek nadat beskuldigde 3 daarin geslaag het om die loop van die vuurwapen van homself af weg te draai. Dit blyk verder uit beskuldigde 5 se eie getuienis dat hy die persoon was wat die hekwagte by die veiligheidshek met 'n vuurwapen aangehou het terwyl beskuldigdes 1 en 3 die perseel binnegegaan het. Die besondere rol wat elkeen van hierdie beskuldigdes by die

pleging van die moord en die roof gespeel het, sal later bespreek word.

Beskuldigde 2 ontken dat hy die persoon was wat die rooi Cortina motor ("die rooi Cortina") bestuur het waarin beskuldigdes 1, 3 en 5 van die toneel van die misdaad ontsnap het. Hoewel beskuldigdes 1, 2 en 5 almal getuig dat dit wel so was, behoort daar na my mening in hierdie saak nie op die getuienis van mede-beskuldigdes gesteun te word om ŉ ander mede-beskuldigde by die pleging van die misdade te betrek nie. Die verhoorhof het bevind dat die beskuldigdes almal ongeloofwaardige getuies was, en na my mening behoort daar nie op hulle getuienis staatgemaak te word nie, behalwe vir sover hulle hulself impliseer, of omdat dit andersins geloofwaardig is. Afgesien van sy mede-beskuldigdes is daar egter ander geloofwaardige getuies wat beskuldigde 2 as die bestuurder van die rooi Cortina identifiseer. Volgens Mdluli se getuienis is die drie mans, wat blyk beskuldigdes 1, 3 en 5 te wees, omstreeks 08:00 die oggend deur ŉ rooi motor

opgelaai en het hulle in daardie motor van die toneel van die misdaad af weggery. Ongeveer daardie tyd het 'n rooi Cortina 'n paar kilometer daarvandaan op die N4-snelweg teen 'n hoë spoed by twee provinsiale verkeersinspekteurs verbygejaag. Dit was klaarblyklik dieselfde motor wat Mdluli gesien het. Die verkeersinspekteurs het die rooi Cortina gevolg en gemerk dat dit daarna by 'n afrit agter 'n silwer-grys Alfa Romeo motor ("die silwer Alfa") stilhou. Sekere van die insittendes van die rooi Cortina het oorgeklim in die silver Alfa wat daarna weggery het. Die verkeersinspekteurs het 'n vermoede gehad dat die rooi Cortina 'n gesteelde voertuig was en hulle het langs daardie voertuig stilgehou. Die enjin van die rooi Cortina het nog geluier en die bestuurder van die motor het nog agter die stuurwiel gesit. Dit was beskuldigde 2 gewees. Die linkerdeur van die rooi Cortina het oopgestaan en daar het 'n ander man aan die linkerkant van die voertuig gestaan. Volgens beskuldigde 5 se getuienis was dit hy gewees. Nadat die verkeersinspekteurs vasgestel het dat daar

met die rooi Cortina se enjinnommer gepeuter was, het hulle beskuldigde 2 gearresteer en na die aanklagkantoor in Witbank geneem. Beskuldigde 2 se vingerafdruk is later op die bagasiebak van die rooi Cortina gevind. Dit is ook duidelik dat dit slegs beskuldigde 2 kon gewees het wat die polisie ingelig het dat die silwer Alfa op pad na Tembisa was. Beskuldigdes 1 en 3 is trouens daardie selfde middag in die silwer Alfa in Tembisa deur die polisie gearresteer.

Dit staan vas dat beskuldigde 2 by die rooi Cortina gearresteer is. Hy verduidelik sy teenwoordigheid op daardie plek soos volg. Hy was 'n ryloper van Nelspruit op pad na Johannesburg. 'n Vragmotor het hom naby die betrokke afrit afgelaai. Toe hy die rooi Cortina by die afrit sien stilhou, het hy nader gehardloop om te vra of hy mag saamry na Johannesburg toe. Volgens hom het daar mense uit die rooi Cortina geklim en in 'n wit motor daar weggery. Daar het egter een persoon by die rooi Cortina agtergebly, en hy het daardie persoon gevra of hy mag saamry. Verkeersinspekteurs

het toe daar opgedaag en hom gevra hoekom die motor daar staan. Hy het hulle na die ander persoon verwys, maar hulle het hom vasgegryp en rondgeruk. Toe hy die hulp van die ander persoon as tolk wou inroep, het dit geblyk dat daardie persoon intussen reeds verdwyn het. Die verkeersbeamptes het hom forseer om die bagasiebak van die rooi Cortina oop te maak, en so het sy vingerafdruk daar beland. Hy is daarna gearresteer en na die aanklagkantoor in Witbank geneem.

Beskuldigde 2 se weergawe is vergesog en ek stem met respek saam met die verhoorhof dat hy ŉ onbetroubare en ongeloofwaardige getuie was. Hy was klaarblyklik die bestuurder van die rooi Cortina daardie dag, wat meebring dat hy deel van die roofbende uitgemaak het. Beskuldigde 2 se advokaat het tydens sy betoog in hierdie hof toegegee dat die getuienis duidelik aantoon dat beskuldigde 2 die bestuurder van die rooi Cortina was. Na my mening was dit ŉ realistiese benadering, en was die toegewing ook heeltemal tereg gemaak.

Beskuldigde 4 was die enigste van die vyf

beskuldigdes wat in Witbank gewoon en gewerk het. Hy het ontken dat hy enige van die ander beskuldigdes voorheen geken het, en hy het deurgaans betwis dat hy by die pleging van die misdade betrokke was.

Die hof a quo het bevind dat beskuldigde 4 die silwer Alfa bestuur het en dat hy sodoende aan die optrede van die roofbende deelgeneem het. Beskuldigdes 1 en 5 het bevestig dat beskuldigde 4 daardie rol gespeel het, maar beskuldigde 3 het getuig dat ŉ sekere Dan die silwer Alfa bestuur het en dat beskuldigde 4 niks met die hele saak te doen gehad het nie. Soos reeds voorheen gemeld, is die getuienis van die beskuldigdes egter so onbetroubaar dat dit nie tot die voor- of nadeel van ŉ mede-beskuldigde aangewend behoort te word nie.

Die getuienis wat toon dat beskuldigde 4 die bestuurder van die silwer Alfa was, is kortliks die volgende. Kort voor 08:00 die betrokke oggend, en ŉ tydjie voordat die rooi Cortina by hulle verbygejaag het, het die twee

verkeersinspekteurs, mnre Botha en Le Roux, diens op die N4-snelweg buite Witbank verrig. Hulle het die silwer Alfa die eerste maal opgemerk waar dit op die strook tussen die twee rylane van die snelweg geparkeer gestaan het. Hulle het stilgehou by die silwer Alfa en Botha het die bestuurder daarop gewys dat hy nie op 'n deurpad mag stilhou nie. Botha het sekere besonderhede van die bestuurder verkry en 'n dagvaarding vir die oortreding aan hom uitgereik. Die besonderhede op die dagvaarding toon onder andere aan dat die bestuurder sy naam as Leonard Khumalo opgegee het. Beskuldigde 4 het getuig dat sy vriende hom as Mandla ken, en dat hy die naam Leonard net by "belangrike sake" soos by sy werk gebruik. Wat sy besigheidsadres betref het die bestuurder die volgende besonderhede aan Botha verstrek:

> "Besigheidsadres: Highveld Steel, Witbank.
> (Frans Papenfus)
> Beroep of status: Operateur."

Die staat het mnr Papenfus as getuie geroep, maar die verteenwoordiger van die staat het geag dat dit in belang van

reg en geregtigheid sal wees indien hy nie vooraf met mnr Papenfus konsulteer nie. Papenfus het getuig dat hy in 1986 as skofvoorman by 'n onderafdeling van Highveld Steel gewerk het en dat hy vir beskuldigde 4 sedert daardie tyd ken. Beskuldigde 4 was 'n sogenaamde "operateur" wat minstens twee keer per week onder sy toesig en saam met hom op 'n skof gewerk het. Papenfus het hom as Leonard geken, maar sy van vergeet. Papenfus het beskuldigde 4 se bewering dat hy 'n leerling-hyskraandrywer was, ontken, en bygevoeg dat hulle nie hyskrane by daardie afdeling gehad het nie.

Beskuldigde 4 het in die loop van sy getuienis aan die hand gedoen dat die bestuurder van die silwer Alfa hom moes geken het en toe valslik sy besonderhede aan Botha verstrek het. Na my mening is dit vergesog. Dit is hoogs onwaarskynlik dat so 'n denkbeeldige bestuurder wat onverwags sy besonderhede aan 'n verkeersinspekteur moet verskaf, op die ingewing van die oomblik die korrekte besonderhede in verband met beskuldigde 4 se werk sou kon verstrek het.

Daarby sou hierdie denkbeeldige bestuurder ook nog moes geweet het dat beskuldigde 4 se offisiële naam Leonard is, en nie Mandla soos hy algemeen onder sy vriende bekendstaan nie. Indien so ŉ denkbeeldige bestuurder al beskuldigde 4 se ander besonderhede geken het, is dit vreemd dat hy nie beskuldigde 4 se korrekte woonadres geken het nie.

Die hof a quo het heelwat gewig geheg aan Botha se uitkenning van beskuldigde 4 as die bestuurder van die silwer Alfa, veral ook omdat Botha na twee besondere kenmerke van beskuldigde 4 verwys het, nl sy onderlip wat effens uitstaan en die feit dat hy ŉ sekere goue oorbel aan sy linkeroor dra. Die redes wat Botha vir sy uitkenning verstrek het, is na my mening egter nie baie oortuigend nie.

Aangesien daar ŉ verwisseling van ondersoekbeamptes in die saak was, is daar nooit ŉ behoorlike uitkenningsparade gehou nie. Botha het beskuldigde 4 slegs onder vyf beskuldigdes in die hof uitgeken. Dit was sekerlik nie ŉ baie betroubare uitkenning nie. Daarbenewens was Botha

aanvanklik onseker of beskuldigde 4 inderdaad die persoon was aan wie hy op 24 September 1986, en byna tien maande tevore, die dagvaardiging uitgereik het. Botha het getuig:

> "Dit lyk soos nr. 4 .... Dit is lank terug wat dit gebeur het en ek het die man net vir 'n kort tydjie gesien. Dit kan vir my lyk of dit hy kan wees."

Tydens kruisondervraging het Botha egter met veel meer oortuiging getuig dat dit wel beskuldigde 4 was:

> "Dit is hy .... Ek is seker .... Ek sê dit was nr. 4 .... Ek stel dit aan die hof dat dit definitief nr. 4 is."

Alhoewel die uitkenning van beskuldigde 4 deur Botha opsigselfstaande ontoereikend is, moet daar na my oordeel tog 'n sekere gewig aan sy uitkenning geheg word.

Die besonderhede met betrekking tot sy werk wat die persoon in die silwer Alfa destyds aan Botha verstrek het, was na my mening presies korrek gewees. Die enigste redelike afleiding wat daarvan gemaak kan word, is dat dit beskuldigde 4 self moes gewees het wat daardie inligting verskaf het. Beskuldigde 4 het tydens kruisondervraging van

Papenfus en in die loop van sy eie getuienis valslik probeer aantoon dat hy inderdaad ŉ leerling-hyskraanbestuurder was. Na my mening was dit ŉ poging om die betroubaarheid van die besonderhede op die dagvaarding in twyfel te trek.

Na my oordeel is daar dus wel voldoende getuienis voorgelê om te bevind dat beskuldigde 4 die persoon was wat langs die snelweg in die silwer Alfa vir die ander beskuldigdes gewag het, en dat hy inderdaad vir beskuldigdes 1 en 3 by die afrit in die silwer Alfa opgelaai het.

Vervolgens wil ek handel met die besondere rol wat die verskillende appellante by die pleging van die misdade gespeel het. Eerstens is daar beskuldigdes 1 en 3.

Beskuldigde 1 het op sy eie weergawe saam met beskuldigdes 2, 3 en 5 van Tembisa na Witbank gereis om as ŉ bende ŉ roof te gaan pleeg. By die plek van die beoogde roof aangekom, het hulle gevind dat daar te veel mense op die toneel teenwoordig was toe die geld afgelewer is. Volgens beskuldigde 1 het hulle toe die plan laat vaar aangesien dit

nie "maklike geld" sou wees nie, en daar moontlik mense beseer kon word. Na my mening is dit meer waarskynlik dat hulle die eerste plan laat vaar het omdat hulle vir hulle eie veiligheid gevrees het.

Daarna is Highveld Bottling aan hulle uitgewys as 'n sogenaamde "maklike plek" om 'n roof te pleeg. Daardie roof is toe behoorlik beplan. Beskuldigde 5 moes die hekwagte met sy rewolwer aanhou terwyl beskuldigdes 1 en 3 die roof sou uitvoer. Beskuldigdes 1 en 3 het beide gelaaide vuurwapens gehad terwyl beskuldigde 1 ook nog 'n mes saamgeneem het. Beskuldigde 2 moes buite die perseel in die rooi Cortina wag om hulle weg te ry, terwyl beskuldigde 4 langs die snelweg moes wag sodat hulle van voertuig kon verwissel.

Beskuldigde 1 het getuig dat hulle vooraf afgespreek het dat hulle nie mense gaan doodmaak nie, en dat hulle die wapens saamneem slegs om hulle slagoffers mee skrik te maak. Toe die geleentheid hom voordoen, het beskuldigde 1

egter nie die daad by die woord gevoeg nie, maar het hy die oorledene sonder waarskuwing 'n potensieel dodelike steekwond toegedien.

Beskuldigde 3 was volgens sy eie getuienis ook 'n lid van die roofbende wat van Tembisa na Witbank in die rooi Cortina en die silwer Alfa gereis het. Hy het 'n 9 mm Star pistool met patrone saamgeneem. Hy het ook getuig van die beweerde ooreenkoms waarvolgens hulle nie die vuurwapens sou gebruik nie, behalwe om mense mee skrik te maak deur bv in die lug of deur 'n venster te skiet. Beskuldigde 3 het getuig dat hy sou weghardloop as die slagoffer hom sou aanval. Die werklikheid is egter dat die oorledene doodgeskiet is toe hy hom enigsins wou verset het.

Beskuldigde 1 se weergawe van die roof is kortliks die volgende. Hy het die oorledene, 'n swart man (Nkadimeng) en 'n blanke vrou (Doubell) by die gebou sien uitkom en hy het sy vuurwapen op hulle gerig. Die oorledene het sy hande in die lug gesteek, maar die blanke vrou en die swart man wat

die sak gedra het, het weggehardloop. Volgens beskuldigde 1 het hy die man met die sak gejaag en later die sak by hom afgeneem. Toe hy weer in die rigting van beskuldigde 3 kyk, sien hy dat die oorledene op die grond lê en dat beskuldigde 3 oor hom buk en met hom stoei. Beskuldigde 3 het hom toe geroep om te kom help. Volgens beskuldigde 1 het hy die geldsak neergesit, sy vuurwapen in sy sak gesteek en nader gegaan. Toe hy by hulle kom, het hy 'n skoot gehoor. Hy het gemerk dat die oorledene en beskuldigde 3 nog stoei en dat die oorledene 'n vuurwapen in sy hand hou. Beskuldigde 1 het sy mes uitgehaal en probeer om die oorledene se hand, waarin hy die vuurwapen gehou het, met die mes raak te steek. Die oorledene het egter sy hand van die een kant na die ander kant beweeg en beskuldigde 1 het weer 'n skoot gehoor. Beskuldigde 1 het sy oë toegemaak en blindelings gesteek. Daarna het hy die sak opgetel en saam met beskuldigde 3 in die rigting van die veiligheidshek gehardloop.

Beskuldigde 1 se getuienis dat hy Nkadimeng gejaag

het en toe die geldsak by hom afgevat het, strook nie met die getuienis van Doubell en Nkadimeng nie. Sy getuienis dat hy die geldsak neergesit het en dat hy die oorledene gesteek het terwyl hy op die grond gelê het, verskil weer in wesenlike opsigte van mev Vorster se getuienis.

Beskuldigde 1 se weergawe omtrent die gestoei met die oorledene klop ook nie met beskuldigde 3 se weergawe nie. Volgens beskuldigde 3 se getuienis van die gebeure daardie oggend, het hy die oorledene, 'n swart man (Nkadimeng) en 'n blanke vrou (Doubell) by die deur van die gebou sien uitkom. Beskuldigde 3 het sy vuurwapen op die oorledene gerig en die oorledene het sy hande in die lug gesteek. Beskuldigde 3 het toe opgemerk dat daar 'n vuurwapen voor onder die oorledene se broek uitsteek. Hy het dit nie verwag nie en het geskrik. Beskuldigde 3 het sy hand uitgesteek om die oorledene se vuurwapen te vat en hy het sy ander hand met sy eie vuurwapen laat sak. Die oorledene het hom toe op sy linkerhand geskop. Dit was die hand waarin hy sy eie vuurwapen gehou het.

Beskuldigde 3 het daarin geslaag om die oorledene se vuurwapen te gryp, maar terselfdertyd het 'n skoot van beskuldigde 3 se eie vuurwapen afgegaan (wat terloops daarop dui dat sy vuurwapen 'n patroon in die loop gehad het). Beskuldigde 3 se eie vuurwapen het toe op die grond geval, maar hy het die oorledene se vuurwapen gehad en dit onder sy broek by sy heup ingesteek. Terwyl hy besig was om dit te doen, het die oorledene gehardloop na waar beskuldigde 3 se vuurwapen geval het. Toe die oorledene sy hand op beskuldigde 3 se pistool plaas, het beskuldigde 3 nader gestorm en ook die pistool vasgegryp. Die oorledene het die pistool aan sy kolf vasgehou. Beskuldigde 3 het hom gepootjie en die oorledene het geval. Die oorledene het egter probeer om die pistool se loop in die rigting van beskuldigde 3 te draai. Beskuldigde 3 het vir beskuldigde 1 geroep om hom te kom help. Toe beskuldigde 1 op die toneel kom, was beskuldigde 3 en die oorledene nog besig om oor die besit van die vuurwapen te stoei. Twee skote het vinnig na

mekaar afgegaan. Volgens beskuldigde 3 was dit die oorledene wat self die sneller getrek het. Daarna het beskuldigde 3 die vuurwapen by die oorledene afgeneem en na die wagtende motor gehardloop. Beskuldigde 3 maak geen melding van enige hulp wat beskuldigde 1 hom gebied het, of van enige steekwonde wat beskuldigde 1 vir die oorledene met die mes toegedien het nie. Beskuldigde 3 getuig trouens later tydens kruisondervraging dat hy nie kan onthou op watter stadium beskuldigde 1 daar aangekom het nie, en dat hy ook nie gesien het dat beskuldigde 1 die oorledene steek nie.

Dit is 'n merkwaardige verhaal wat beskuldigde 3 vertel het, veral as dit in gedagte gehou word dat die oorledene 69 jaar oud was. Beskuldigde 3 moes natuurlik verduidelik hoe dit gekom het dat nie een van die drie skote deur die oorledene se eie 9 mm Astra pistool afgevuur was nie. Die drie 9 mm doppies wat op die toneel opgetel is, was trouens almal deur beskuldigde 3 se 9 mm Star pistool afgevuur. Vandaar die ongelooflike verhaal van hoe die

oorledene beskuldigde 3 se pistool uit sy hand geskop het, dit opgetel het en homself toe daarmee geskiet het.

Die distriksgeneesheer wat die regsgeneeskundige lykskouing uitgevoer het, het die oorsaak van dood in sy verslag beskryf as "skok as gevolg van bloedverlies as gevolg van skietwonde (in) bors". Beide skietwonde was in die oorledene se linkerbors. Die distriksgeneesheer het die een skietwond as noodlottig en die ander een as potensieel noodlottig beskryf. Die strekking van beide hierdie skietwonde het getoon dat die vuurwapen so te sê reghoekig met die oorledene se liggaam gehou was toe die skote afgevuur is. In beide gevalle is die skote op kort afstand afgevuur. Teen daardie agtergrond is dit hoogs onwaarskynlik dat die oorledene homself in die loop van die beweerde stoeiery sulke skietwonde sou kon toegedien het.

Die waarskynlikste weergawe, myns insiens, is dié van mev Vorster, nl dat die oorledene en die twee beskuldigdes om die besit van die geldsak gestoei het, dat

beskuldigde 1 toe die oorledene met die mes gesteek het en dat skote eers daarna afgevuur is. Hoe dit ook al sy, op beskuldigde 1 se eie weergawe het hy die oorledene blindelings met 'n groot mes gesteek ten einde die oorhand oor die oorledene te kry, en om sy weerstand te oorkom. Die steekwond het tot in die oorledene se linkerlong gestrek en was volgens die distrikgeneesheer 'n potensieel dodelike wond. Dit was doelbewus toegedien. Hoewel die verhoorhof bevind het dat daar slegs dolus eventualis aanwesig was, bestaan daar na my oordeel nie twyfel dat beskuldigde 1 die direkte opset gehad het om die oorledene te dood nie. Beskuldigde 1 is dus sonder twyfel skuldig aan moord. Daar is nie verlof aan beskuldigde 1 verleen om teen sy skuldigbevinding op die roofklag te appelleer nie. Hy het trouens op die roofklag skuldig gepleit.

Beskuldigde 3 se weergawe is deur die verhoorhof verwerp. Na my oordeel is dit duidelik dat hy die oorledene twee maal geskiet het met die direkte opset om hom te dood. Daar kan dus ook in sy geval geen twyfel bestaan dat hy aan

moord skuldig is nie. Beskuldigde 3 het ook nie verlof om teen sy skuldigbevinding op die roofklag te appelleer nie.

Beskuldigdes 2, 4 en 5 het klaarblyklik almal aan die beplanning van die roof deelgeneem. Aan elkeen van hulle is daar ŉ spesifieke belangrike taak toevertrou wat ook uitgevoer is. Beskuldigde 2 het buite die perseel van Highveld Bottling in die rooi Cortina gewag om beskuldigde 1, 3 en 5 vanaf die toneel van die roof na die wagtende silwer Alfa te vervoer. Beskuldigde 4 het langs die snelweg in die silwer Alfa gewag sodat beskuldigdes 1 en 3 die geld kon neem en van voertuig kon verwissel voordat hulle na Tembisa vertrek. Beskuldigde 5 het die sekuriteitswagte by die veiligheidshek van Highveld Steel met sy .38 Special rewolwer aangehou terwyl beskuldigdes 1 en 3 die roof uitgevoer het.

Die vier beskuldigdes wat saam vanaf Tembisa na Witbank gery het, was almal daarvan bewus dat beskuldigdes 1, 3 en 5 vuurwapens met patrone by hulle gehad het, en dat beskuldigde 2 ŉ speelgoed rewolwer saamgeneem het.

Beskuldigde 1 het ook die groot mes gedra. Beskuldigde 4 was die plaaslike lid van die bende. Die roof wat aanvanklik beplan was, sou juis by beskuldigde 4 se werkplek uitgevoer gewees het. Daar was egter ʼn oormag waarteen hulle nie opgewasse was nie, en dit het die bende afgeskrik . Dit is ondenkbaar dat die bende se beskikbare wapens nie bespreek sou gewees het nie. Daar is in ieder geval op advies van beskuldigde 4 se vriend, Dan, besluit dat Highveld Bottling ʼn minder gevaarlike teiken sou wees. Die bewering dat daar ʼn ooreenkoms deur die lede van die bende aangegaan was dat hulle die wapens slegs as afskrikmiddels sou aanwend, is onder die omstandghede so vergesog dat dit verwerp moet word.

Daar is slegs aan beskuldigdes 2 en 4 verlof verleen om teen hulle skuldigbevindings op die roofklag te appelleer, maar nadat dit eenmaal vasstaan dat hulle wel by die pleging van die misdade betrokke was, is daar geen twyfel dat hulle tereg aan roof skuldig bevind is nie. Ek stem dus met respek saam met die verhoorhof se bevinding dat die

beskuldigdes 'n gemeenskaplike oogmerk om te roof gehad het. Al die beskuldigdes het besef dat iemand in die loop van die uitvoering van hulle roofplanne moontlik gedood kan word, maar hulle het hulle daarmee versoen. In die omstandighede het beskuldigdes 2, 4 en 5 die nodige opset by moontlikheidsbewussyn gehad en is hulle almal aan moord skuldig. (Kyk: **S v Malinga and Others** 1963(1) SA 692(A)).

Ten slotte moet die appèlle teen die onderskeie vonnisse oorweeg word. Eerstens wil ek handel met die doodvonnisse wat vir al vyf die beskuldigdes vir die moord opgelê is. Sedert die Strafregwysigingswet 107 van 1990 in werking getree het, het die begrip "versagtende omstandighede" saam met die verpligte doodvonnis uit die Strafproseswet verdwyn. Die hof moet nou alle relevante strafversagtende en strafverswarende faktore in ag neem. Daarna moet geoordeel word of die doodvonnis die enigste gepaste vonnis is. (Kyk: **S v Masina and Others** 1990(4) SA 709(A); **S v Senonohi** 1990(4) SA 727(A); **S v Nkwanyana and**

Others 1990(4) SA 735(A)).

Beskuldigde 1 was ongeveer 37 jaar oud toe die misdade gepleeg is. Die roof was vooraf en deeglik beplan. Dit was 'n bende optrede gewees en die lede van die bende was tot die tande toe gewapen. Die oomblik toe die slagoffer weerstand wou bied, is hy koelbloedig vermoor. Beskuldigde 1 het 'n lang lys van vorige veroordelings, waaronder roof in 1978, waarvoor hy 5 jaar gevangenisstraf opgelê is. Beskuldigde 1 is ook in Desember 1987 aan gewapende roof skuldig bevind waarby 'n bedrag van R85 000 betrokke was en waarvoor hy 10 jaar gevangenisstraf opgelê is. Dit blyk nie wanneer hierdie laasgenoemde misdaad gepleeg is nie, maar dit is beslis 'n relevante veroordeling wat in ag geneem moet word. Beskuldigde 1 is dus 'n persoon wat hom in die verlede reeds skuldig gemaak het aan misdade waarvan geweld 'n element was. Die voorgaande is alles strafverswarende faktore. Ek is nie bewus van enige strafversagtende faktore wat in die guns van beskuldigde 1 in aanmerking geneem kan word nie.

Indien die hoof oogmerke van straf oorweeg word, nl afskrikking, voorkoming, hervorming en vergelding, is daar myns insiens ook niks wat in beskuldigde 1 se guns kan tel nie. Daar is geen aanduiding dat daar 'n redelike moontlikheid op hervorming is nie. In die omstandighede is ek van oordeel dat in die geval van beskuldigde 1 die doodvonnis die enigste gepaste vonnis vir die moord is.

Dieselfde strafverswarende faktore geld na my oordeel ook vir beskuldigde 3 vir sover dit die moord betref. Hy was 36 jaar oud toe die moord in 1986 gepleeg is. Sy vorige veroordelings is selfs nog erger as dié van beskuldigde 1. In 1976 is beskuldigde 3 tot 'n termyn van 8 jaar gevangenisstraf vir roof met verswarende omstandighede gevonnis. Daarna is hy in 1987 tot 15 jaar gevangenisstraf vir roof met verswarende omstandighede gevonnis waarby 'n bedrag van R78 000 betrokke was. Ook in sy geval is daar geen strafversagtende faktore waarvan ek bewus is nie. Die moontlikheid van hervorming kan ook in sy geval buite

rekening gelaat word. Soos in die geval van beskuldigde 1 is ek van oordeel dat die doodvonnis die enigste gepaste vonnis vir beskuldigde 3 vir die moord is.

Die verhoorhof het ook in die geval van beskuldigdes 2, 4 en 5 die doodvonnis vir die moord opgelê, maar ek is van oordeel dat die doodvonnis in hulle gevalle nie die enigste gepaste vonnis vir die moord is nie. Beskuldigde 2 was ten tyde van die pleging van die moord 43 jaar oud. Daar is geen vorige veroordelings teen hom bewys nie. Die feit dat hy op 43 jarige leeftyd geen vorige veroordelings het nie, is beslis 'n belangrike strafversagtende faktor wat in sy guns in aanmerking geneem moet word. (Kyk: S v Senonohi, supra, te 733J). Daarbenewens was hy nie direk by die gewelddadige aanval op die oorledene betrokke nie, en was daar in sy geval slegs dolus eventualis aanwesig. Na my oordeel is 'n vonnis van 12 jaar gevangenisstraf 'n gepaste vonnis vir die moord in sy geval.

Dieselfde oorwegings geld vir beskuldigde 4. Hy het wel voorheen met die gereg gebots, maar sy enkele vorige veroordelings toon geen neiging tot geweld nie. Na my oordeel sal 'n vonnis van 12 jaar gevangenisstraf ook in sy geval 'n gepaste vonnis vir die moord wees.

Beskuldigde 5 se posisie is nie heeltemal so gunstig nie. Hy was een van die rowers wat 'n vuurwapen gehad het en hy het die vuurwapen ook gebruik om die veiligheidswagte by die hek aan te hou. Daarbenewens is hy in 1987 aan roof en poging tot moord skuldig bevind waarvoor hy respektiewelik tot 10 jaar en 5 jaar gevangenisstraf gevonnis is. In beide daardie gevalle het hy ook van 'n vuurwapen gebruik gemaak. 'n Gepaste vonnis vir die moord in sy geval, is na my oordeel 20 jaar gevangenisstraf.

Die vonnisse wat die verhoorhof vir beskuldigdes 1, 2, 3 en 4 vir die roof opgelê het, moet nou oorweeg word. Daar is nie verlof aan beskuldigde 5 verleen om teen sy vonnis op die roofklag te appelleer nie. Die verhoorhof het

vir beskuldigdes 1 en 3 die doodvonnis vir die roof opgelê, terwyl beskuldigdes 2 en 4 elk 12 jaar gevangenisstraf vir die roof gekry het.

Die feit dat die oorledene dood is, moet natuurlik nie weer in aanmerking geneem word by die oorweging van 'n gepaste vonnis vir die roof nie. (Kyk: S v S 1987(2) SA 307(A) te 312F; S v Petersen 1989(3) SA 420(A), te 426E - F).

Dit was 'n goed beplande roof, en daar was heelwat geld op die spel. Daar is van gelaaide vuurwapens en 'n groot mes gebruik gemaak om die roof te pleeg. Afgesien van die moord op die oorledene was daar egter nie buitengewone geweld gebruik nie. Mens kan jou seker 'n meer wreedaardige en gewelddadige roof indink. In die omstandighede is ek met respek van oordeel dat die doodvonnis wat die geleerde verhoorregter beskuldigdes 1 en 3 vir die roof opgelê het, nie die enigste gepaste vonnis vir die roof is nie. Na my oordeel sal 'n vonnis van 15 jaar gevangenisstraf vir die roof

'n gepaste vonnis vir sowel beskuldigde 1 as beskuldigde 3 wees.

Wat beskuldigdes 2 en 4 betref, is daar na my mening nie goeie gronde om in te meng met die vonnis wat die verhoorhof vir die roof opgelê het nie. Die 12 jaar gevangenisstraf vir die roof behoort myns insiens egter samelopend uitgedien te word met die 12 jaar gevangenisstraf wat beskuldigdes 2 en 4 nou vir die moord opgelê is.

Daar is weliswaar nie verlof aan beskuldigde 5 verleen om teen sy vonnis vir die roof te appelleer nie, maar hy is nou gevangenisstraf vir die moord opgelê. In die omstandighede moet daar ook in sy geval beveel word dat die 15 jaar gevangenisstraf vir die roof samelopend met die 20 jaar gevangenisstraf vir die moord uitgedien word.

Die volgende bevele word gevolglik gemaak:

1.Appellant nr 1 (Jeremiah Ndinisa):

1.1 Die appèl teen sy skuldigbevindings op die aanklag van moord en die aanklag van roof word afgewys.

1.2 Die appèl teen die doodvonnis op die moordklag word gehandhaaf en die vonnis word verander na 12 jaar gevangenisstraf.

1.3 Die appèl teen die vonnis van 12 jaar gevangenisstraf op die roofklag word geweier, maar dit word gelas dat die 12 jaar gevangenisstraf op die roofklag samelopend met die 12 jaar gevangenisstraf op die moordklag uitgedien word.

2. <u>Appellant nr 2 (George Motubatse):</u>

2.1 Die appèl teen sy skuldigbevinding op die aanklag van moord word afgewys.

2.2 Die appèl teen die doodvonnis op die moordklag word afgewys.

2.3 Die appèl teen die doodvonnis op die roofklag word gehandhaaf en die vonnis word verander na 15 jaar gevangenisstraf.

3. <u>Appellant nr 3 (Leonard Khumalo):</u>

3.1 Die appèl teen sy skuldigbevindings op die aanklag van moord en die aanklag van roof word afgewys.

3.2 Die appèl teen die doodvonnis op die moordklag word gehandhaaf en die vonnis word verander na 12 jaar gevangenisstraf.

3.3 Die appèl teen die vonnis van 12 jaar gevangenisstraf op die roofklag word geweier, maar dit word gelas dat die 12 jaar gevangenisstraf op die roofklag samelopend met die 12 jaar

gevangenisstraf op die moordklag uitgedien word.

4. Appellant nr. 4 (Johnson Matsilikiti):

4.1 Die appèl teen sy skuldigbevinding op die aanklag van moord word afgewys.

4.2 Die appèl teen die doodvonnis op die moordklag word gehandhaaf en die vonnis word verander na 20 jaar gevangenisstraf.

4.3 Dit word gelas dat die 15 jaar gevangenisstraf op die roofklag samelopend met die 20 jaar gevangenisstraf op die moordklag uitgedien word.

5. Appellant nr 5 (John Mtsale):

5.1 Die appèl teen sy skuldigbevinding op die aanklag van moord word afgewys.

5.2 Die appèl teen die doodvonnis op die moordklag word afgewys.

5.3 Die appèl teen die doodvonnis op die roofklag word gehandhaaf en die vonnis word verander na 15 jaar gevangenisstraf.

**F H GROSSKOPF, AR**

**CORBETT HR**
**VIVIER AR** Stem saam.